

Vryheid van (die Afrikaanse) spraak: ryk, ryker, Rykie

Freedom of (Afrikaans) speech: rich, richer, Rykie

LIZETTE RABE

Departement Joernalistiek, Universiteit Stellenbosch

lrabe@sun.ac.za



Lizette Rabe

LIZETTE RABE, professor en voorsitter van die Departement Joernalistiek aan die Universiteit Stellenbosch, het die grade BA, Hons B Joernalistiek (cum laude), M Joernalistiek (cum laude) en DPhil aan dieselfde universiteit verwerf. Sy het haar joernalistieke loopbaan by *Die Burger* begin en as redakteur van die tydskrif *Sarie* afgesluit, die eerste vrou wat as redakteur by 'n Afrikaanse Naspers-titel aangestel is. In 2001 het sy die akademie as "praktisyn as professor" aangedurf. Sedertdien het sy onder meer nege gekeurde joernaalartikels asook oorsig-artikels gelewer, en is 'n gereelde bydraer tot die massamedia. Sy was skrywer, medeskrywer of redakteur van verskeie publikasies, en is onder andere raadslid van die Suid-Afrikaanse Nasionale Redakteursforum en stigter-beoordelaar van die Vodacom Joernalis van die Jaar-kompetisie. Haar belangstellings is onder meer gender en media, mediageskiedenis, joernalistiek-praktyk en -opleiding en media-bestuur, sowel as die kultuurgeskiedenis.

LIZETTE RABE, professor and chair of the Department of Journalism at Stellenbosch University, completed the degrees BA, Hons B Journalism (cum laude), M Journalism (cum laude) and DPhil at this University. She began her professional career as a reporter on *Die Burger* and ended it as editor of *Sarie* magazine, the first woman to be appointed as editor on an Afrikaans Naspers title. In 2001 she crossed the "divide" between practice and academe and became the typical "practitioner turned professor". Since then she has published nine peer-reviewed journal articles as well as review articles, and is a regular contributor to the mass media. She is the author, co-author or editor of several books, is a council member of the South African National Editors' Forum and a founder judge of the Vodacom Journalist of the Year competition. Her interests are gender and media, media history, media management, journalism practice and education, as well as cultural history.

ABSTRACT

Freedom of (Afrikaans) speech: rich, richer, Rykie

The Afrikaans journalist Rykie van Reenen (1923-2003) contributed in many respects to the development of Afrikaans journalism. It can, for instance, also be said that she "liberated" the Afrikaans language from a very formalised style. This article focuses on this aspect of Van Reenen's contribution to Afrikaans journalism and the Afrikaans language. As a first exploration of this "freethinker" in Afrikaans media the article attempts to describe her "free" interaction with this young language that was first recognised as official language in 1925, only two decades before Van Reenen was appointed as the second professional Afrikaans journalist on the Cape daily Die Burger in 1945. Her "infallible style", according to her female colleague and contemporary and

later editor of Die Burger and chair of Naspers, Piet Cillié, can be regarded as a liberation of the Afrikaans language. Van Reenen has been described as “undoubtedly the most outstanding Afrikaans journalist of the [twentieth] century” by historian Hermann Giliomee in his seminal book The Afrikaners, although he qualified this in the later (translated and re-edited) Afrikaans edition with a more sober “probably”. Van Reenen’s characteristic style was possibly the sum-total of a unique linguistic talent coupled with the application and discipline of writing which was polished – burnished – on a daily basis. This descriptive article focuses briefly on the background to the development of the Afrikaans language from the diverse Afrikaans language communities that settled at the Cape during the seventeenth century, leading to a “formalised” language in the first decades of the twentieth century. What follows next is the development of Van Reenen as young journalist, and especially the influence that the Afrikaans author MER (Miem Rothmann) had on her. Van Reenen was one of MER’s so-called “Cape children” (“Kaapse kinders”), and in many respects MER was her mentor. An appreciation by Van Reenen’s contemporaries with regard to her unique style and contribution to the “liberation” of Afrikaans and the language’s stylised and formal use during the middle of the previous century follows. Van Reenen’s influence on a new generation of Afrikaans, especially female, journalists, is also briefly referred to. The article concludes with a few examples from the oeuvre of the “unparalleled stylist” that has led to the expression “ryk, ryker, Rykie” (as degree of comparison: rich, richer, Rykie) among her peers.

KEY CONCEPTS: Afrikaans, Afrikaans journalism, development of Afrikaans journalism, influence, “Kaapse kinders”, MER, style, Van Reenen

TREFWOORDE: Afrikaans, Afrikaanse joernalistiek, invloed, “Kaapse kinders”, MER, ontwikkeling van Afrikaanse joernalistiek, styl, Van Reenen

OPSOMMING

Die Afrikaanse joernalis Rykie van Reenen (1923-2003) het op verskeie terreine in die Afrikaanse joernalistiek ’n bydrae gemaak. ’n Mens kan byvoorbeeld konstateer dat sy die Afrikaanse taal “bevry” het van ’n nog gestrenge skryfwyse. Hierdie artikel is ’n eerste verkenning van hierdie “vrydenker” in die Afrikaanse joernalistiek se vrye omgang met dié jong taal. As deskriptiewe artikel word kortliks, as konteks, op die ontwikkeling van die Afrikaanse taal gefokus. Daarop volg ’n kort bespreking van die ontwikkeling van Van Reenen as jong joernalis. Die invloed wat die skrywer MER op haar vorming gehad het, word vervolgens gedokumenteer. ’n Waardering van Van Reenen se tydgenote volg, asook Van Reenen se invloed op ’n nuwe generasie Afrikaanse, veral vroulike, joernaliste. Die artikel sluit af met slegs ’n aantal voorbeelde uit die oeuvre van die “onvergelyklike stilis” wat tot die uitdrukking “ryk, ryker, Rykie” gelei het.

1. INLEIDING

Afrikaans is in 1925 as amptelike taal erken nadat dit oor ’n tydperk van byna driehonderd jaar ontwikkel het uit die diverse taalgemeenskappe wat sigself aan die Kaap gevestig het. ’n Relatief klein Nederlandse taalgemeenskap moes groter en vinnig-groeiende taalgroepe, insluitend Maleis, Portugees, Hoogduits, Platduits en Frans, akkommodeer (Ponelis 1996:129). In hierdie vloeibare taalmilieu het Kaaps-Hollands/Afrikaans as ’n “gesproke kode” gefunksioneer met formele Nederlands as die “geskrewe kode”.

Tot die vroeë twintigste eeu het geskrewe Afrikaans ’n wye spektrum van taalvorme aange-
neem wat gewissel het van omgangsafrikaans tot formele Nederlands (Ponelis 1996:131). Dit was

slegs in die tweede dekade van die twintigste eeu dat Afrikaans, deur 'n proses van standaardisering, sigself gevestig het. Standaardafrikaans word deur Ponelis beskryf as “supradialekties”, gevorm deur Standaardnederlands deurdat struktuur en leksikon 'n vernederlandsing ondergaan het. Voorbeelde is te vinde in die 1933-vertaling van die Afrikaanse Bybel, met woorde soos “aangesig” vir “gesig”, “spreek” vir “praat” of “sê”, en “toorn” vir “woede” (Ponelis 1996:132).

Van Reenen (gebore 31 Desember 1923) was 22 jaar oud toe sy haar in 1945 by *Die Burger* se redaksie in Kaapstad aangesluit het. Afrikaans het dus twee dekades lank die status van amptelike taal gehad toe Van Reenen formeel 'n woordwerker in dié taal geword het. Naas die Afrikaanse skrywer MER (Miem Rothmann) is Van Reenen die tweede Afrikaanse vroulike joernalis wat as “professioneel” joernalis beskryf kan word (Rabe 2002; Rabe 2006a; Rabe 2006b).

Die Afrikaans van die veertigerjare van die vorige eeu was styf en formeel, en daar is gesê dat Van Reenen 'n “fresh writing style in Afrikaans at a time when the newspaper language was very formalised” ingelei het (Anoniem 2003). Die joernalis Martie Retief Meiring beskryf die Afrikaanse taal en Afrikaanse joernalistiek van daardie tyd as “plegstatig” (Meiring 2003:8).

Van Reenen het dus 'n geformaliseerde Afrikaanse skryfwyse aangetref met haar aankoms by die destydse vroueblad van *Die Burger*. Vroue is nie as volwaardige lede in die redaksie aangestel nie, maar slegs in die vroueredaksie (Rabe 2002) – deur gender-kritici later as die koerant se “ghetto” beskryf (Grunig 1993:290).

Sy het uiteindelik van jong vroueredaksielid tot waarnemende redakteur van 'n Sondagblad gevorder, in daardie stadium die mees senior posisie vir 'n vroulike joernalis in die Afrikaanse en Engelse joernalistiek. Haar gevolglike bydrae tot geskrewe Afrikaans en die Afrikaanse joernalistiek in wat as 'n “onfeilbare styl” (Piet Cillié, soos in Malan 2003:2) beskryf is, kan dus ook as 'n sekere “bevryding” van Afrikaans beskryf word.

2. BENADERING

Hierdie artikel ressorteer onder navorsing wat as 'n eerste verkenning van Van Reenen se bydrae tot die ontwikkeling van die Afrikaanse joernalistiek beskryf kan word.

Die oogmerk van die navorsing, in dié stadium, is nie om Van Reenen se bydrae tot die ontwikkeling van die Afrikaanse joernalistiek te ontleed nie; ook nie om haar spesifieke skryfstyl te analiseer nie. In die lig van die gebrekkige boekstaving van die werk van dié Afrikaanse joernalis sou dit prematuur wees.

Hierdie artikel het dus as oogmerk die dokumentering van die ontwikkeling van Van Reenen se spesifieke styl, met spesiale verwysing na die invloed wat MER op haar werk gehad het.

Die outeur het in dié stadium van navorsing oorsigtelik en anekdoties te werk gegaan. Die navorser skram daarom daarvan weg om 'n eie analise oor die werk van Van Reenen te gee, en laat dit aan die onderskeie bronne oor. Dit kan gesien word as 'n tekortkoming van hierdie artikel, maar die outeur verkies in hierdie stadium dié benadering.

Juis omdat so min oor Van Reenen se werk gedokumenteer is, word dit as 'n primêre navorsingstaak gesien om eers sekere aspekte op te teken. Dit is ook waarom, byvoorbeeld, die verhouding tussen MER en Van Reenen in hierdie artikel deegliker verreken word. MER het 'n groot invloed op die ontwikkeling en styl van Van Reenen gehad. Dit is nog nie volledig gedokumenteer nie, en daarom is dit ook belangrik om dit te boekstaaf. Dit word ook gedoen vanuit 'n gender- en mediastudie-oogpunt: die verhaal van (Suid-)Afrikaanse vroulike joernaliste het lank geen aandag gekry nie.

Die artikel steun sterk op tydgenootlike waardering vir Van Reenen se bydrae tot die Afrikaanse joernalistiek en skryfwyses. Die invloed wat Van Reenen insgelyks op 'n nuwe

generasie joernaliste gehad het, word ook kortliks bespreek. Ten slotte word slegs 'n aantal voorbeelde van Van Reenen-skeppings ter illustrasie aangehaal wat tot die uitdrukking “ryk, ryker, Rykie” gelei het.

3. ONTWIKKELING VAN VAN REENEN AS JOERNALIS

Van Reenen is deur die geskiedskrywer Hermann Giliomee bestempel as “undoubtedly the most outstanding Afrikaans journalist of the [twentieth] century” (2003:564). Hy het dié beskrywing daarna getemper met 'n meer sober “waarskynlik” (Giliomee 2004:470).¹

Van Reenen se talent was duidelik van reeds 'n jong ouderdom. Die uitgewer Danie van Niekerk (2004a:11), tydgenoot en kollega, skryf in die koerant waarvan sy 'n stigterlid was, *Rapport*, dat hy en Van Reenen se metgesel, Judy Wurtzel, kort ná haar dood “oortree” het deur verby 'n waarskuwing (“NOTICE: PLEASE DON'T READ THIS!”) in die binneblad van 'n bruin leer-gebonde dagboek te blaai.

Dié dagboek van die Afrikaanse plaaskind van die Darling-distrik in die Wes-Kaap is in Engels geskryf. Die laaste inskrywing was op 31 Desember 1938, die dag toe sy vyftien geword het, dus kort voordat sy haar laaste twee skooljare op Malmesbury sou deurbring:

And thus closes 1938 ... with it an epoch in my life... finished at Darling. The dawn of a new era opens up before me ... I face the future defiantly. What does the world face in this new 1939? Peace? War?

In groen ink het sy later bygevoeg: “War, sweetheart, sure!” (Van Niekerk 2004a:11).

Aan die Universiteit Stellenbosch het sy in Desember 1943, op ouderdom negentien, dus kort voor haar twintigste verjaardag, met drie hoofvakke in tale gegradueer: Engels, Latyn en Afrikaans.² Sy het met haar meestersgraad in Engels voortgegaan en dit in Junie 1945 voltooi. Volgens een bron het sy albei grade met lof geslaag (Anoniem:g.d.).

Haar talent was reeds as student duidelik. Die letterkundige en skrywer Hennie Aucamp meen (2003:14) dat die joernalis duidelik was in berigte wat sy as “amptelike sketsskrywer” oor die uitstappies van die universiteit se Berg- en Toerklub geskryf het. Aucamp verwys na 'n verslag oor 'n uitstappie na die Sederberge as “so lewendig as enigiets wat sy later sou skryf”. Die joernalis in haar was “van meet daar; een van stuk”.

Dit was dus met dié potensiaal dat die jong Van Reenen in 1945 as vroueredaksielid by *Die Burger* aangestel is nadat sy 'n “kampuskorrespondent” was. Dit was net ná die Tweede Wêreldoorlog, en Van Reenen onthou daar was min plek vir “vrouegoed” (Voigt 1995:g.p.):

Buitendien, wat wás ‘vrouegoed’? Die antwoord: *In Gesellige Luim*. In gesellige luim beskryf jy huwelike. Punt.

Presies só beskryf Van Reenen haar daaglikse werk aan die begin van haar loopbaan. En dan was die verwagting dat dit nie juis kreatief uitgevoer moes word nie, maar volgens 'n “vorm”:

Daar was vorms waarop allerhande inligting oor die troue – name van hofknape was veral belangrik – ingevul moes word (Voigt 1995:g.p.).

¹ Giliomee se verduideliking was dat Van Reenen tydens die skryf van die Engelse weergawe reeds terminaal siek was, en dat die beskrywing dus in die lig van emosionaliteit rondom haar verwagte afsterwe gebruik is. Met die Afrikaanse uitgawe was dit nie slegs 'n geval van vertaling nie, maar ook “verwerking”, en daarom ook 'n getempered beskrywing omdat daar volgens Giliomee 'n mate van afstand ingetree het (Rabe 2004).

² Die bron verwys slegs na Afrikaans, maar dit behoort Afrikaans en Nederlands te lui.

In die onderhoud met Voigt sê Van Reenen:

Naderhand is ek só verveeld, ek lees filosofie onder die bank – die “Divine Comedy” op daardie stadium – en bo-op tik ek.

Self skryf Van Reenen (1979:g.p.):

Toe ek in die jaar toet op die manneterrein van die Afrikaanse koerantwese beland, was dit vir jou, vrou, ’n voorreg om onder die hofie In Gesellige Luim te mag skryf oor ‘sosiale sake’. Daarmee, let wel, is bedoel huwelike, verlowings en partytjies, in die volgorde, maar die vernaamste van dié was die huwelike.

Die koerant van 1945 wat Van Reenen beleef het, beskryf sy so (1979:g.p.):

Dit was in die dunkoerantdae net ná die Tweede Wêreldoorlog (amper sê ek Tweede Vryheidsoorlog, so lank gelede voel dit). M.E.R. se voetbalvelde van vroueblaaie, waar sy in die jare twintig met rustige volwassenheid en baie plesier die vrou van haar dag opgevorder het tot betrokkenheid by landsake, het ver agter ons gelê. ... We had fallen on lesser times.

Oor hoe sy uit die “ghetto” ontsnap het, skryf Van Reenen (1979:g.p.):

Dit was iets van ’n evenement toe die nuusredakteur op ’n dag die stoutmoedige stap neem en my uit die vroueredaksiekantoor pluk en uitstuur op ’n storie vir Algemeen. Dit was, onthou ek, oor die seisoenverskynsel van vismotte en die omvang van die skade wat hulle in die landseksonomie aanrig. Die volle verantwoordelikheid vir ’n tenger vrou om daardie vername terrein te betree, was vir my die dag duiseland na aan oorweldigend. Ek verbeel my ek het voorblad gehaal, mind you.

Van Reenen het ondanks “In Gesellige Luim” haar gou as formidabele joernalis gevestig. Onder haar Engelse kollegas het sy ewe veel aansien gehad. Een van haar tydgenote van die *Cape Argus* het onder meer gemeen “since the 1960s she was to be preceded wherever she went by her reputation” (Le May 2004:11).

Terwyl sy by *Die Burger* gewerk het, het sy ook “ingeweeg” (Voigt 1995) in ’n liga waarin sy by uitstek tuis gevoel het: as rubriekskrywer vir Van Alle Kante.

Van Reenen het dié rubriek vanaf 1960 geskryf, en, nadat sy in die stigtingsredaksie van *Die Beeld* in 1965 aangestel is, “Op die Randakker” vir veertien jaar (Voigt 1995:g.p.). *Die Beeld* was Naspers (toe Nasionale Pers) se eerste Sondagblad. “Randakker” is voortgesit in *Rapport*, die koerant wat in 1970 gestig is nadat Naspers en die destydse Perskor ooreengekom het om mede-uitgewers van ’n Afrikaanse Sondagblad te word.

Een navorser (Van der Vyver 1987:128) kom tot die slotsom dat dit juis haar geloof was dat “alles eintlik oor mense gaan” wat haar so ’n uitmuntende rubriekskrywer gemaak het:

Sy kon met ewe veel deernis en ewe veel humor oor die ‘gewone’ mens as oor die ‘groot’ figuur skryf. Haar onderwerpe het gewissel van die petroljoggies van Britstown en die ‘bryde’ van die Groentemarkplein tot John Vorster en Steve Biko, Hendrik Verwoerd en Breyten Breytenbach.

Die feit dat sy dit in ’n vars, unieke Afrikaans geskryf het, het bygedra tot haar sukses en status as joernalis. Van Reenen se kenmerkende styl was waarskynlik die somtotaal van ’n uitsonderlike linguistiese talent plus ’n toepassing van die dissipline van skryf wat daagliks geslyp en gepoleer is. Haar kollega en vriend, Tobie Boshoff (2004), sê sy het tot tien keer ’n inleidingsparagraaf oorgeskrif – en was dan in alle waarskynlikheid nog nie tevrede daarmee nie.

4. MER SE INVLOED OP VAN REENEN SE ONTWIKKELING

MER het as skrywer, joernalis en maatskaplike werker 'n groot invloed op Afrikaners van haar tyd gehad (Steyn, 2004). Sy het spesifiek ook 'n groep vroulike Afrikaanse joernaliste en skrywers beïnvloed. Dit sou interessant wees om by Van Reenen self te kon verneem hoe sy MER se invloed sou beskryf. Dit was, soos ook inligting oor ander aspekte van haar werk, nie moontlik nie, aangesien Van Reenen voor haar dood alle versoeke om onderhoude vriendelik maar beslis van die hand gewys het.³

Die band tussen die Afrikaanse skrywers en die “lang, lenige, regop vrou met 'n gesig soos die keiser Augustus” word onder meer in Steyn se MER-biografie (2004:420) gedokumenteer.

MER het volgens 'n tydgenoot, Louis Hiemstra, “verwante geeste soos 'n magneet getrek” (Steyn 2004:419). Hy skryf (2004:419)

'n [s]kare van skryfsters [sic] wat haar geestelike dogters kan heet, onderhou 'n lewendige kontak met haar. Die feit dat hierdie vroue van die allerbeste Afrikaanse prosa skryf, is seker in nie geringe mate te danke aan die feit dat hulle almal, bewus of onbewus, deur M.E.R. se klassiek-sobere styl beïnvloed word.

MER het self getwyfel of sy noemenswaardige invloed op hul ontwikkeling gehad het. Steyn skryf egter dat haar “Kaapse kinders” met haar sou verskil, “want hulle het inderdaad van haar geleer” (2004:419). Dié skrywers was Hendrien Lambrecht, Audrey Blignault, Alba Bouwer, Elise Muller en Van Reenen.

Blignault het MER reeds in 1941 ontmoet, Van Reenen en Bouwer eers in 1950 (Steyn 2004:419). Van Reenen was toe by *Die Burger* en Bouwer by die pasgestigte vrouetydskrif *Sarie* (toe met die agtervoegsel *Maraais*, in 1949 gestig).

Die ontmoeting was die gevolg van 'n verering deur Naspers (toe Nasionale Pers), ná 'n onverwikklikheid deurdat die Akademie vir Wetenskap en Kuns nie die Hertzogprys in 1949 toegeken het nie. Naspers het besluit om MER, wat in Augustus 1950 75 sou word, te vereer. Van Reenen is deur *Die Burger* na Komnader, MER se huis op Swellendam, gestuur vir die onderhoud, en Bouwer het haar namens *Sarie* vergesel (Steyn 2004:434).

MER het vir Van Reenen en Bouwer “letterlik en figuurlik met ope arms ontvang en ons laat voel ons besoek is vir haar 'n groot present” (Steyn 2004:435).

'n Hegte vriendskap het ontstaan, en Van Reenen en Bouwer het verskeie kere by MER gaan kuier (Steyn 2004:449). Hulle het onder meer onder die “groot akkerboom sit en gesels ... oor alles wat hulle ervaar en waaroor hulle wonder”. Van Reenen het dit so beskryf:

En elke keer as ons daar wegry, het ons met nog groter dankbaarheid as tevore geweet ons is geseën met 'n heel besondere vriend wat werklike liefde as 'n spesiale talent het. Sy kon jou so rustig sit en aankyk terwyl jy oor iets praat, maar dan, het ons geweet, kyk sy tot binne-in jou en al jou verskuilde hoeke, skerp, kyk sy, maar altyd met groot liefde. (Steyn 2004:449)

Oor die “egtheid” in die werk van die groep “Kaapse kinders” skryf MER in 1956 aan Muller (met die verskyning van *Die vrou op die skuit*, in 1957 met die Hertzogprys vereer) dit is een van haar “grootste toegifte, so op die ou dag, dat ek die groep ook kan toe-eien. Alba, Rykie, Audrey, almal het dit” (Steyn 2004:454).

³ Van Reenen het 'n byna legendariese aversie van heldeverering gehad, soos ook uit ander geleenthede blyk; byvoorbeeld Grosskopf se vertelling insake die eredoktorsgraad van die US (2003:4). Die outeur van hierdie artikel het steeds 'n e-pos uit 2002 van haar laaste versoek aan Van Reenen om onderhoude, wat, soos voriges, vriendelik van die hand gewys is.

Van Reenen het, soos ander “Kaapse kinders”, ook talle briewe van aanmoediging van MER gekry. Die dokumentasiesentrum van die Universiteit Stellenbosch bewaar daarvan in onderskeidelik die MER- asook Blignault-versamelings.

MER was in haar skik toe Van Reenen “Van Alle Kante” in *Die Burger* in 1960 begin skryf het toe die gereelde skrywer met verlof was. Steyn haal aan uit ’n brief van MER aan Rykie (2004:456):

En as ek dit nou lees dan wens ek so dat my liewe Frederik Rompel êrens sit of sweef om dit nou te lees; en as ek sê hy sou daar skik in gehad het, dan maak ek jou wat Rykie is, die hoogste kompliment wat gemaak kan word. [...] Maar ek weet dat hy sou reken – A! Hier kom my V.A.K. tot sy reg.

Uit korrespondensie is dit duidelik dat Rykie MER genader het vir raad oor verskeie sake. Op die vraag hoekom MER dink sy wat Rykie is, kan skryf, antwoord MER (Steyn 2004:454-455):

Vir skrywe moet jy jou gereedskap goed ken en kan hanteer, dit is die woorde. [...] Maar die stof wat die skrywer met sy gereedskap moet verwerk is alles wat leef, roerend en onroerend – alles. En daarvan – t.m. van die stukke wat hom onder hande kom – moet hy kennis dra, soveel dat hy daarmee in- en saamleef. Ek dink ek kan dit ook so stel – hy skryf nie met sy brein nie, maar ook uit sy hart. [...]

Die skrywer het nie met homself te doen nie; hy is nie betower deur die feit dat hy daardie skrywe skryf nie; hy is betower deur die mens of ding of verskynsel wat hy beskryf; dit kry hom beet, en hy wil dit weergee.

En dan:

Daarom dink ek jy kan skryf, en sal skryf, en oneindig jou geluk daardeur soek – en dit telkens kry; nie deur jou prestasie nie, maar deur jou omgang en aanknoping met wat jy skryf. (Steyn 2004:455)

MER se “les” aan Van Reenen bevat verwysings na die skrywers Somerset Maugham en Henry James:

S.M. dwaal oor die wêreld, betower deur wat hy vind en teenkom, en hy laat jou wat sy werk lees dit ook voel, daardie betowering. Die Henry James (ek oordeel maar sleg oor hom, want ek kan nooit verder as halfpad in iets van hom kom nie) kan nooit van homself wegkom nie; gedurig bestudeer hy sy manier van sê, en jy voel dat dit nie ter wille van sy onderwerp is nie maar van homself [...].

En kyk hoe gaan W.Louw in sy Dias op net of die mens gedurig met hom saamgaan, en hy hom verdiep in elke uiting van sy gevoel of kennis of waarneming; net soos die beeldhouer werk. En so helder, tog so diep, gee hy dit weer.

Daar is ook die reeds bekende aanhaling van raad vir joernalistieke skryfwerk:

Dit is oplet wat so laat skryf, gedurig oplet, fyn oplet, van die hart af oplet (MER-versameling).

As een van MER se Kaapse kinders het Van Reenen waarskynlik ook eerstehands met die raad te make gekry wat aan Blignault gegee is (Blignault 1975:14):

Pas nou op ... [vir] wat bereken is om te bekoor... [vir] wat jou gesonde verstand sonder jou begeerte om te streel, miskien nie sou gesê het nie... bly by die koue waarheid...

Jou onmiddellike loon sal dan verminder, maar jy wen op die end, deur 'n ootmoedige werklikheidsdiens, groot rykdom.

Die slotwoord van dié raad was “Raak sien en met waarheid beskryf – dit is die essensiële”.

Ook die advies aan Bouwer is waarskynlik met Van Reenen gedeel:

Wie het ek voor my? Dit vra sy by die teëkom van 'n ander. Met nuuskierigheid vra sy dit, met skerpsinnigheid, met begrip, maar bowenal met groot mededoë. (Bouwer 1975:29)

Aan wyle Elize Botha, sogenaamde “vrou van eerstes” as kanselier van die Universiteit van Stellenbosch, direksielid van Naspers, voorsitter van die Akademie en letterkundige van nering, maar toe 'n jong joernalis by *Die Burger*, het MER geskryf:

Jy kan die mag van die verbeelding gebruik om die werklikheid duidelik te maak. Maar wat jy skryf, is ter wille van die agterkom van waarheid. (Botha 1975:26)

MER se invloed op die styl van die Van Reenen-geslag joernaliste is nie kritiekloos nie. Aucamp (2004:11) skryf dat nie alles wat sy geskryf het, goed was nie.

In haar ‘vakleerlingskap’ moes sy haar aan 'n soort Nederlands ontworstel, en baie van haar joernalistieke stukke vir vroue het 'n irriterende geselligheid wat soms by twee van haar ‘Kaapse kinders’ uitslaan, naamlik Rykie van Reenen en Alba Bouwer, 'n minder gelukkige erflating.

Aucamp meen MER se eie letterkundige werk is ontdaan daarvan omdat sy nie “doelbewus” literatuur probeer maak het nie (2004:11).

5. TYDGENOOTLIKE WAARDERING

'n Waardering van Van Reenen se tydgenote betreffend haar unieke styl en haar bydrae tot die “bevryding” van die Afrikaanse taal van die gestileerde gebruik van die middel van die vorige eeu, word vervolgens bespreek.

Van Reenen het byna letterlik 'n vars bries na die formele nuuskantoor gebring, aangesien sy 'n “fresh writing style in Afrikaans at a time when the newspaper language was very formalised” gehad het (Anoniem 2003).

Retief Meiring, wat ook in rubriekskryf klas gee, meen Van Reenen se korps werk stel 'n standaard “wat in die joernalistieke wêreld sekerlik gesorg het dat 'n Afrikaanse rubriekskrywer in dieselfde kader genoem kan word as die wêreld se grotes” (Meiring 2003:8).

In die groot tradisie wat reeds in die sestiende eeu deur die vader van rubriekskrywers, Montaigne, gestel is, het Rykie wel geweet ‘lig’ skryf, is die beste manier van kommunikasie. Ook het sy in die tradisie van H.L. Mencken, die ou rubriekstrydros, maar heeltemal ontdaan van bitsigheid, 'n gesonde klas sinisme aan vertoon, fieterjasies en skynheiligheid gehad.

Ek vergelyk haar ook graag met Ernest Hemingway, omdat sy oor daardie noodsaaklike talent beskik het om 'n eie styl te ontwikkel. (Meiring 2003:8)

Oor haar taal en unieke styl meen Retief Meiring:

Daarby het sy 'n taalgebruik ingestel wat die gewoonlike plegstatigheid van die joernalistiek 'n bietjie op sy kop omgekeer het. Meer nog, haar stories en uitdrukkings het die onderwerp van tafelgesprekke geword. (Meiring 2003:8)

'n Ander tydgenoot en vandag voorsitter van Naspers, Ton Vosloo, meen “Op die Randakker” was so gewild dat dit as 'n sirkulasiebouer beskou is (2004:47). Dit word selfs as 'n “waterskeidingsreeks” en as “'n geheime wapen” (Vosloo 2004:47) beskryf.

Haar invloed as meningsvormer is só opgeteken:

Van Reenen se nasionale status as rubriekskrywer het in *Rapport* se “Op die Randakker” tot volle wasdom gekom: haar humor, haar kritiese kyk en veral haar slag om die dolk met 'n laggie en 'n bietjie fluweel, maar met 'n onmiskenbare boodskap, in te dryf. (Meiring 2003:8)

Sy het blykbaar hard gewerk om 'n “foutlose” styl te vervolmaak. Boshoff meen (2004):

Ek vermoed dit was vir haar heerlik as sy 'n berig klaar geskryf het en weer bekyk het en dit lees lekker. Sy het so glad geskryf dat jy moeilik sal besef as sy dit nie self vir jou vertel het nie dat sy 'n aanhef tot tien keer oorskryf.

Haar redakteur, vriend en tydgenoot Piet Cillié het gesê sy het soos

... 'n engel gesweef oor Suid-Afrika se worsteling by sy eie Jabboksdrijf. Sy het die Suid-Afrikaanse situasie vertolk met warmte insig en versier met onfeilbare styl. (Malan 2003:2)

Volgens Van Reenen self was Cillié die kollega wat haar help vorm het aan haar dissipline. Sy het op 'n keer verwys na 'n stuk oor 'n “ingewikkelde” saak en hoe sy haar “les” by Cillié geleer het (Steyn 2002:214):

Rykie van Reenen sê sy het eendag 'n stuk kopie by Cillié aangedra ‘waarin die een ingewikkelde sin om die ander wring. Toe hy my daarvoor aanspreek, weet ek my te verweer met ‘Maar dis 'n baie ingewikkelde onderwerp!’ 'n Blik oor die bril. ‘Ghm! As die vier Evangeliste hulle Boodskap met eenvoud kon oordra, wat makeer jou?’”

Van Reenen sê, op haar oorbeskeie manier, dat Cillié met sy “dodelik sekuur maar doekvoet manier”

... al die jare my simpel Van Alle Kante-paragrafies gesub het. Baie dae kon ek self nie eens sê presies hoekom hulle anderdag in die koerant soveel beter was as wat ek hulle laatmiddag tevore by hom ingegee het nie. (Steyn 2002:215)

As van meet 'n innoverende skrywer, een wat op haar voete gedink het, het Van Reenen telkens 'n nuwe manier gevind om 'n storie nuut te vertel. Een so 'n voorbeeld van “innoverende rapportering” is 'n herinnering van Van Niekerk (2004b:48). As joernalis by *Die Burger* is Van Reenen en Reg Saayman onverwags gevra om 'n resensie van 'n simfoniekonsert te skryf. Sy was lief vir “ernstige musiek”, maar sou haar nie as kenner uitgee nie.

Sy en Reg het in die pouse tussen die rondmalende gehoor geloop en in hulle kop notas gemaak van op- en aanmerkings van serieuze konsertgangers: “Die tempo in die andante was voortreflik...”, “Die allegro was darem te allegro...”. Hul hoorsê-resensie was voortreflik en is onderteken “AHG” (Ander Het Gesê) en “AO” (Assorted Opinions).

Vosloo onthou die Sondagkoerant *Die Beeld* het “duisende nuwe lesers gelok met sy harde mokerhoue maar tegelykertyd gehalte-joernalistiek en kommentaar” (2004:47). Hy skryf:

Schalk Pienaar het geblom, maar die sonneblom in die redaksie was onteenseglik Rykie van Reenen. As Pienaar so in die gang af roep: ‘Rykdom!’, dan moet jy weet daar broei weer 'n storie wat sommige gaan ontrief en onstel.

'n Ander tydgenoot wat as hoof van die Departement Joernalistiek aan die Universiteit Stellenbosch afgetree het, Johannes Grosskopf, is soos volg oor haar aangehaal (Anoniem:g.d.):

... her word-legacy, in which her sparkling personality flowed through her fingertips, makes her in the eyes of many of the newspaper contemporaries the foremost Afrikaans newspaper writer of the twentieth century.

Vosloo, wat as haar nuusredakteur gewerk het, onthou (2004:46) “[d]ie woorde in haar kopie het na jou opgewip met die deurgaanslag voordat dit na die subkantoor gegaan het”.

'n Mens kan konstateer dat sy onkonvensionele woorde op 'n konvensionele manier gebruik het – en konvensionele woorde op 'n onkonvensionele manier. Oor haar kraakvars, kreatiewe kopie het Annie Schumann geskryf, soos aangehaal in die commendatio vir Van Reenen se eredoktorsgraad van die Universiteit van Stellenbosch (Grosskopf 1986):

Sommige mense skryf 'n boek om 'n mens te beskryf, 'n situasie. Rykie van Reenen skryf een sin. Hier word joernalistiek op sy beste bedryf.

Van Niekerk, wat Van Reenen se korrespondensie, van briewe tot fakse en e-pos oor 'n tydperk van vyftig jaar wat na hom en sy vrou gestuur is, bewaar het, beskou haar as 'n legende in die Afrikaanse skryfwêreld. Hy motiveer dit so (2004a:11):

Omdat sy die mens was wat sy was – getrou aan haarself, iemand met mededoë met haar medemens, maar 'n afkeer aan opgeblasenheid. Omdat sy 'n oorspronklike, indringende benadering tot elke onderwerp gehad het en omdat sy die vermoë had om daardie benadering so vars in woorde te stel dat dit lesers oorrumpel het.

Madeleine van Biljon meen (2003:5) haar gawe met woorde was “uitsonderlik”. Sy verwys na haar styl as dat dit “navolgenswaardig” is, so uniek soos 'n vingerafdruk.

Van Reenen se besondere omgaan met Afrikaans het bygedra tot haar status as onvergelyklike stilis. Verskeie joernaliste word aangehaal in Voigt se studieprojek oor die lewe en loopbaan van die “voorstes vroulike joernalis in Suid-Afrika” (1995:g.p.). Cecile Cilliers meen die “Afrikaanse taal neem 'n nuwe dimensie aan in haar werk”. In dieselfde stuk word Hanlie Retief, toe van *Sarie*, aangehaal dat sy 'n “vars, klakkelose manier van skryf” het.

Haar unieke skryfstyl, die jeugdigheid en lewendigheid, is vasgevat in 'n beskrywing van Van Reenen die joernalis en mens, in wat haar tagtigste verjaardag-huldeblyk sou wees:

In 'n gefolterde liggaam leef egter die joernalistieke gees wat vir alle tye in haar skryfwerk die jeug sal behou. (Vosloo 2004:46)

6. INVLOED OP 'N NUWE GESLAG SKRYWERS

Van Reenen het oor 'n paar dekades ook onbewustelik “meesterklasse” aan ander joernaliste gegee bloot deur te skryf. Oor haar invloed op 'n nuwe geslag, meen Boshoff (2004) “[d]it sal my weinig verbaas as baie, veral vroulike, joernaliste haar probeer naskryf het”.

Die unieke Van Reenen-styl, die “vingerafdruk” (Van Biljon 2003:5), het 'n aantal vroulike joernaliste uit 'n jonger geslag geïnspireer. Minstens twee (hierdie skrywer, en die joernalis Marlene Malan [2003:4]) hou die *Randakker*-bundel naby vir voortdurende inspirasie.

Met Van Reenen se dood in 2003 is in 'n *Die Burger*-hoofartikel geskryf (“Rykie van Reenen” 2003):

Enige jong Afrikaanse joernalis sal vandag by die lees van haar bundel rubrieke [...] perkeloos baat vind; sommige kundiges beweer nie verniet nie jy kan nie goed skryf as jy nie goeie skrywers lees nie.

Van Biljon het ook daarna verwys dat haar rubrieke voorbeelde bly “wat sowel voornemende as praktiserende rubrieksrywers met vrug kan lees” (2003:5), terwyl Aucamp meen die joernalis wat “ander gekanoniseer het”, het self ’n ikoon geword (2003:14).

Malan (2003:4) skryf hoe sy deur Van Reenen se bundel beïnvloed is en hoe haar werk inspirasie is vir “bondigheid en gestrooptheid”. “’n Mooiskrywery is uit, leer Rykie my deur Randakker. Sy het my geleer vertel is lékker”.

In ’n telefoononderhoud met Wurtzel (Malan 2003:4) verwys laasgenoemde na die twee “leuses” wat Van Reenen se skryfwerk gerig het, naamlik “Less is more” en “Kill your angels”. Malan het dit geïnterpreteer as “Minder mooi is mooier ... Geen oordad nie. Reguit, gestroop”.

Oor die “angels” het Wurtzel uitgebrei:

Rykie het nie veel gedink van ego’s nie, daai geheime liefdes wat jy dink jou deurma. Net die noodsaaklike, die waarheid. Dis al wat tel. Jy vat die fluff weg. Gestroop tot die been, tot die bare basics. (Malan 2003:4)

Ook Van Niekerk (2004:11) verwys na haar invloed op “jongeres”:

Haar gestroopte styl – haal uit al daai byvoeglike naamwoorde, los die soetskrywery! – het vir baie jongeres ’n stem in die agterkop geword.

Die uitgewer Kerneels Breytenbach, oud-kunsredakteur van *Die Burger*, word aangehaal oor die tydperk toe Van Reenen vir die Sondagblaai geskryf het: “Vir ons was daar daardie tyd net een tipe Sondagleesstof: Ryk, Ryker, Rykie!” (Voigt 1995:g.p.).

7. VAN REENEN-STYL

Hierdie artikel sluit af met slegs enkele voorbeelde uit die oeuvre van die “onvergelyklike stilis” wat tot die uitdrukking “ryk, ryker, Rykie” gelei het.

Van Reenen kan beskou word as ’n styl-entrepreneur. Sy was ondernemend in die manier hoe sy die taal kreatief geplooi het en hoe sy reëls kon breek juis vanweë haar taalmeesterskap. In die gedenkbylae met *Rapport* se 25ste verjaardag (Anoniem 1995:17) word geskryf Van Reenen skryf “Afrikaans net so goed of waarskynlik veel beter as die bestes nog wat ons taal al op papier laat jubel het”.

Boshoff beskryf haar skryfstyl soos volg (2004):

Nie soos ’n voorlesing nie, maar soos jy ’n mooi storie, ’n grap of iets aangrypends oordra. Rykie het baie woorde gebruik of gemaak wat seker in niemand anders se taalskat voorkom nie.

Voorbeelde waarna Boshoff (2004) verwys, is in ’n rubriek waar sy ’n kriptoneel se maak beskryf (Boshoff se kursivering, en in die aanvaarde idioom van die tyd):

... sommige word onse-maniër uit die beskikbare “karakters” uit ons *beider* huise gemaak ... ’n *roggelkop*-Chinese staanpoppie ... met ’n paar *windsels* ... vir alles wat aangedra word, is daar in *onse* stalletjie plek ... *krulletjieskirt*-selluloïede poppie word die *klimmeidjie*.

Boshoff verwys ook na frases soos “K-kinderkens, was dit vandeeweek hier k-k-koud”, en woorde soos ge-“moerak” (oor hoe sy deurgeloop het onder Johannesburgse skurke in ’n park), asook beskrywings soos die “knewelspan rofstoeiers met die balie-maag en die boggelbult spiere”. Hy beskryf haar vermoë tot kreatiwiteit as “’n stroom sonder ophou” (2004).

In die bundel *South African Despatches – Two Centuries of the Best in South African Journalism* (Crwys-Williams 1989:362) is die rubriek “Dominee, dit is my krag en my sterkte” oor mev Betsie Verwoerd se reaksie op die nuus van haar man se dood opgeneem. ’n Voorbeeld van die akkurate keuse van werkwoorde (en terselfdertyd Van Reenen se joernalistieke integriteit en etiek) word gevind in die sin met die aanloop oor die reg op privaatheid van elkeen, en dat “selfs nie die vernames in hul smart en persoonlike droefheid voor die mensdom *oopgespalk* mag word nie” (my kursivering).

Nog ’n voorbeeld van die akkurate, maar ongewone, woord is die bywoord “versteld”, waarmee Van Reenen ’n medikus se reaksie op die mesaanval op Verwoerd beskryf.

Haar skryf-soos-jy-praat-benadering het waarskynlik ook bygedra tot haar unieke styl, veral in ’n tyd toe Algemeen Beskaafde Afrikaans ’n nuwe standaard was. Die oorbekende rubriek van die koerantjoggies en die Burgerwaghuis, met die titel “Dissie bryde!”, is ’n voorbeeld daarvan (Van Reenen, 1980).

Selfs as afgetredene het Van Reenen die taal skynbaar moeiteloos geplooi. In ’n resensie van J.M. Coetzee se *Boyhood, scenes from provincial life*, skryf sy byvoorbeeld oor die taal en die skrywer:

Daar is soorte Afrikaans waarmee Coetzee klein-klein al niks te doen wou hê nie. Die Afrikaans van Afrikaners wat, gekwes en wrokkig, nors hul taal as ’n knuppel teen hul vyande gebruik. Die Afrikaans van speelgrondbuffels met vieslike fok-, poephol- en gat-tale, fris kaalvoet Boerkinders met te klein geworde kortbroeke en poenskoppe wat net waar hulle kan, die mammaseuntjies knou en tempteer. Die Afrikaans van klaskamers waar kinders gedril word in idiole kwanis uit die voksmoed, maar omgewe van die muwwe ruik van die Groot Trek en ossewa. (Van Reenen, g.d.)

Van Niekerk (2004a:11) meen Van Reenen het

“...’n oorspronklike, indringende benadering tot elke onderwerp gehad” en die vermoë “om daardie benadering so vars in woorde te stel dat dit lesers oorrompel het”.

Hy meen sy het

“...’n byna onfeilbare aanvoeling vir skryfgehalte gehad en dan ook vir swak skryfsels. Maar sy het talent aangemoedig en sou ’n briefie van waardering en aanmoediging skryf”. (Van Niekerk 2004a:11)

Elkeen wat daarna strewe om “goed” te kan skryf, om ’n frase helder en met die minimum-woorde te formuleer, om woord-ekonomies die onderwerp of gebeurtenis met presisie te beskryf in kristalhelder prosa, moet die jaloerse vraag stel: hoe het sy dit gedoen?

Oor haar skryfwerk het Van Reenen aan Voigt (1995:g.p.) gesê dat dit wat vir haar uitstaan van wat “goed” was aan haar werk as joernalis, was “om ’n berig aan mekaar te timmer.” Sy gaan voort met die beeldspraak van timmerwerk:

Ek dink dis soos enige stuk skrynwerk. Hy moet lekker sit en sin maak. Al die ander goed is brandhout vir die vuur. Die eintlike ding is daai máák. Enige skeppende goed is maak.

Buiten dat sy 'n inleidingsparagraaf tot tien keer oorgeskrif het (Boshoff 2004), was haar waarnemingsvermoë ook besonders. Boshoff meen: “Daarby getuig haar skrifte dat sy 'n fyn waarnemer was met 'n oog vir menslikheid, diepe menslikheid”.

7. SLOTSOM

Van Reenen het in talle opsigte 'n beduidende bydrae gelewer tot die ontwikkeling van die Afrikaanse joernalistiek. Sy het ook deur haar unieke styl en woordgebruik Afrikaans help “bevry” van die formele skryfwyses van haar tyd deur onkonvensioneel met taal, styl en grammatika om te gaan. Heelwat meer navorsing behoort nog oor die bydrae van dié pionierjoernalis gedoen te word.

Hierdie outeur wil daarom die wens uitspreek dat die Universiteit Stellenbosch se Dokumentasiesentrum uiteindelik die veilige tuiste van al die Van Reenen-dokumente sal wees sodat dit toeganklik kan wees vir verdere navorsing, saam met haar joernalistieke oeuvre wat wel in die openbare domein beskikbaar is.

Dit is waarskynlik gepas dat die laaste woord in 'n artikel soos hierdie Van Reenen self toekom. In die “Voorwoordjie” vir die huldigingsbundel *'n Boekie vir Piet*, uitgegee met Cillié se vyftigste jaar by Naspers (toe Nasionale Pers), skryf Van Reenen oor Cillié se styl (1985:1):

Sy eie stuk oor sy vader [...] is weer 'n keer hier opgeneem ter wille van die insigte oor Piet self wat daarin voor die dag kom – maar ook, en eintlik, om die volstruiseiers vir die hoenderhen te wys. Dis 'n model van hoe daar geskryf kan word [...].

Wat betref Van Reenen se vaardigheid en flair met woorde, kan minder geseënde joernaliste dan seker verskoon word as hulle voel soos die hoenderhen. Van Reenen se werk is immers eweneens 'n model van hoe in Afrikaans geskryf kan word.

BIBLIOGRAFIE

- Anoniem. Geen datum. Journalist of renown and author of several books. Ontvang van Martin Viljoen, redakteur van *Matieland*, op 4 Februarie 2005.
- Anoniem. 1995. Wie is sy éntlik. Gedenkbylae tot *Rapport*. 26 November 1995:17.
- Anoniem. 2003. Acclaimed Afrikaans writer dies at 79. 2003. SABC-nuusbulletin van 29 Desember 2003. www.sabcnews.com/south_africa/general/0,2172,71238,00.html. [Toegang op 2 Maart 2004].
- Aucamp, H. 2003. Joernalistiek skuld Rykie bundel. *Die Burger*, 30 Desember:14.
- Aucamp, H. 2004. M.E.R. se sterfwoorde – Monumentale biografie van skrywer in wese. *Die Burger*, 6 Julie 2004:11.
- Blignault, A. 1975. 'n Pure Gelukslag. *MER 100*. Kaapstad: Tafelberg:14.
- Boshoff, T. 2004. Persoonlike kommunikasie per e-pos. Dokumentasie in besit van die outeur.
- Botha, E. 1975. Die mens en die boek. *MER 100*. Kaapstad: Tafelberg:26.
- Bouwer, A. 1975. Wie het ek voor my? *MER 100*. Kaapstad: Tafelberg:29.
- Crwys-Williams, J. 1989. *South African Despatches. Two Centuries of the Best in South African Journalism*. Johannesburg: Ashanti Publishing.
- Giliomee, H. 2003. *The Afrikaners*. Cape Town: Tafelberg:564.
- Giliomee, H. 2004. *Die Afrikaners*. Kaapstad: Tafelberg:470.
- Grosskopf, J. 1986. Motivering vir die toekenning van die graad Doktor in die Lettere aan Rykie van der Byl van Reenen. Commendatio, Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch:geen bladsynommers.
- Grosskopf, J. 2003. Rykie gee tree na volgende fase. *BY*, Bylae tot *Die Burger*. 27 Desember 2003:4.
- Grunig, L.A. 1993. The “Glass Ceiling” Effect on Mass Communication .

- Students. In Creedon (ed). *Women in Mass Communication*. Newbury Park, Calif: Sage Publications, pp. 276-300.
- Le May, J. 2004. Journalist of quality, Rykie should have been SA's first woman editor. *The Argus*. 4 Januarie 2004:11.
- Malan, M. 2003. Gety het vir Rykie verander. *Die Burger*, 23 Desember:2.
- Malan, M. Dis só lekker om te vertel... BY, Bylae tot *Die Burger*. 27 Desember 2003:4.
- MER-versameling. Dokumente-sentrum, Universiteit Stellenbosch. Brief aan Rykie van Reenen. Gedateer 15 April 1953.
- Meiring, M. 2003. Rykie, Rykdom van die Randakker. *Die Burger*, 31 Desember 2003:8.
- Ponelis, F. 1996. Codes in contradiction: The sociolinguistics of 'Straatpraatjies'. In Adhikari, M. (ed). *Straatpraatjies. Language, Politics and Popular Culture in Cape Town, 1909-1922*. Pretoria & Cape Town: J.L. van Schaik Academic:129-140.
- Rabe, L. 2002. Eve-olution – the status of women in SA media. *Ecquid Novi*, 23(2):152-169.
- Rabe, L. 2004. Persoonlike kommunikasie per e-pos. Dokumentasie in besit van die outeur.
- Rabe, L. 2006a. 'Ryk, ryker, Rykie': A first exploration of the journalistic contribution of a journalist extraordinaire. *Communicatio: South African Journal for Communication Theory and Research*, 32(1):65-87.
- Rabe, L. 2006b. The wedge that cracked the rock – a pioneering woman journalist. *Communitas: Journal for Community*, 11:169-184.
- "Rykie van Reenen". 2003. Hoofartikel in *Die Burger*. 30 Desember 2003:14.
- Steyn, J.C. 2002. *Penvegter. Piet Cillie van Die Burger*. Kaapstad: Tafelberg:214.
- Steyn, J.C. 2004. *Die 100 Jaar van MER*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Biljon, M. 2003. Dit is so lekker om te vertel. Bylae tot *Die Burger*. *Die Burger*, 27 Desember 2003:5.
- Van der Vyver, M. 1987. Die groeiende rol van die vrou in die Afrikaanse pers met spesifieke verwysing na *Die Burger* en die Nasionale Pers. Ongepubliseerde meestersverhandeling: Universiteit Stellenbosch: 128.
- Van Niekerk, D. 2004a. Dit is hoekom Rykie 'n legende is. *Rapport*, 4 Januarie 2004:11.
- Van Niekerk, D. 2004b. Onblusbaar Ryk [sic] van der Byl van Reenen. *Insig*, Jan/Feb 2004:48.
- Van Reenen, R. 1979. Deurbrake vir vroue... nou vir sustertjies! Bylae tot *Beeld*. Oktober 1979. Geen bladsynommers.
- Van Reenen, R. 1980. *Op die Randakker*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Reenen, R. Geen datum. In die ban van Karoo-Afrikaans. <http://www.afrikaans.com/av5215.html>. [Toegang op 3 Maart 2004].
- Van Reenen, R. 1985. "Voorwoordjie". 'n *Boekie vir Piet*. Kaapstad: Tafelberg:1.
- Voigt, C. 1995. Ongepubliseerde diepte-projek vir die honneursgraad in joernalistiek, Universiteit Stellenbosch, 1995. Geen bladsynommers.
- Vosloo, T. 2004. Onblusbaar Ryk [sic] van der Byl van Reenen. *Insig*. Jan/Feb 2004:46-47.